




# Klein Einsteins



Daar woon vier mense in 'n ry langs mekaar – elkeen het sy eie beroep (werk); bly in 'n skere kleur huis; kyk graag na 'n sekere TV-program; drink een soort drankie graag en het 'n troeteldier. Niemand doen dieselfde of het dieselfde kleur huis of soort troeteldier nie.

Kyk of julle met persoon, kleur, drinkgoed, TV-program en troeteldiere en al in die volgende huise kan intrek!! (Wenk: Werk eers met stukkies papier/ kaartjies).



- Die polisieman woon in die eerste huis
- Die onderwyser bly in 'n blou huis
- Die blou huis is links van die wit huis
- Die dokter woon in 'n rooi huis
- Die persoon in die groen huis het 'n hond
- Die dokter drink graag tee
- Die skrywer drink net melk
- Die onderwyser het 'n pappegaai wat hom goed kan naboots
- Die kat kyk altyd vir die bure langsaan se pappegaai
- Die persoon wat X-files kyk, drink koffie
- Die persoon wat tee drink, hou visse aan
- Die onderwyser kyk altyd 7de Laan
- Die dokter hoor altyd die X-files se kenwysie van die bure links van hom
- Die persoon in die groen huis bly langs die een met visse
- Die kat se baas hou van melk
- Die persoon wat altyd die Nuus kyk, bly langs die persoon in die groen huis
- Die persone wat 7de Laan en Sport kyk, is bure
- Die persoon wat melk drink, woon regs van die een wat Coke drink
- Die skrywer bly langs die persoon wat 'n pappegaai aanhou
- Nou behoort julle al te kon agterkom dat die rooi huis langs die groen huis is!